

# Vuk'uzenzele

**WERK  
GELEENT-  
HEDE  
BINNE**

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

Afrikaans / English

| Junie 2018 Uitgawe 1

## Vroulike boer ploeg haar weg na sukses

**VRYWILLIGE WERK** op 'n plaas van jongs af, het tot 'n suksesvolle beroep in landbou vir hierdie dinamiese vroulike entrepreneur gelei.

**Nonkululeko Mathebula**

**V**er van die dae toe sy arm was en gespot is omdat sy op 'n plaas werk, is Mahlatse Matlakane (20) nou 'n stralende groenrissieboer.

Mahlatse het sedert sy 15 jaar oud was vrywillige werk begin doen oor naweke en in skoolvakansies op 'n plaaslike groenrissieplaas om haar werklose ma te help om kos op die tafel te sit.

Matlakane werk in Ga-Moisimane in Buchum, net buite Polokwane in Limpopo. Sy sê dat hoewel sy die vrugte van haar arbeid geniet, dit nie altyd maklik was nie. "Ons grootwordjare was baie moeilik vir my, my broers en susters. My portuurgroep het my gespot toe ek op die plaas begin werk het en gesê dat boerdery vir ongeletterde mense is. Dit het my gevoelens seergemaak, maar ek wou kennis oor boerdery opdoen sodat ek dit as beroep kon beoefen," sê sy.

Nadat Matlakane ervaring opgedoen het, het sy die eie-



■ Mahlatse Matlakane is op pad om 'n suksesvolle groenrissieboer te word by Ga-Moisimane in Buchum net buite Polokwane in Limpopo.

naar van die plaas waar sy vrywillige werk gedoen het, Johan Nel, gevra of sy haar eie groenrissiesaad kon plant. Nel het vir haar twee hektaar grond op sy plaas gegee.

"Ek was verstom oor hoe die klein saadjies plante kon word waaruit groot groenrissies ontstaan het. Ek het selfs meer verlief geraak op boerdery toe ek sien hoe die plante

versorg word deur die regte kunsmis te gebruik om peste te beheer. Ek het toe geweet dat dit is wat ek wou doen," sê Matlakane.

● **Vervolg op bl 2**



**Binnelandse Sake se ABIS-stelsel sal vinniger diens lewer**

**Bladsy 2**



**Eko-krygers beskerm renosters**

**Bladsy 8**



**ALSO AVAILABLE ON:**



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

**Free Copy**

**"Onderwys is die magtigste wapen wat jy kan gebruik om die wêreld te verander."**

Nelson Mandela

**100** Nelson Mandela Centenary 2018 Be the Legacy

# Home Affairs ABIS to provide faster service

**THE NEW** biometric system will be rolled out over a period of five years.

## DID YOU KNOW?

**The Department of Home Affairs has issued 10 million smart ID cards.**



■ Home Affairs Minister Malusi Gigaba gives the new Automated Biometric Identification System a test drive. The system will speed up service delivery and the issuing of ID documents.

source for biometric authentication for South Africans.

“The ABIS project will be rolled out in phases over a five-year period. Among others, implementation will entail migration of the current Home Affairs National Identity System (HANIS) data fingerprints and facial recognition, to the new ABIS with improved functionality, installation and configuration of ABIS infrastructure and building of system functionalities,” he said.

The country's banks will be able to verify client identification quicker and the tourism sector will benefit due to quicker response times at ports of entry to capture and verify a traveller's identity.

Minister Gigaba also said the SA Police Service will be able to search for suspects by matching latent prints against ABIS records. The system will also lead to improved border control, which should create a competitive economic environment to attract critical skills, enable growth, increase foreign direct investment and create jobs.

Minister Gigaba said the ABIS project was initiated in January 2016 with the aim to replace the (HANIS), which is manually operated and outdated.

Minister Gigaba said one of the major challenges that were faced with HANIS was the imminent collapse of the over 20-year-old biometrics database which left the department with no choice but to carry out a technology upgrade.

Minister Gigaba added that the department partnered with the Council for Scientific and Industrial Research to develop specifications for a new biometric database.

He said the department worked with the State Information Technology Agency to procure a future-fit Automated Biometric Identification system. EOH was contracted to deliver the system after a thorough procurement process. [SAnews.gov.za](http://SAnews.gov.za)

**T**he new Automated Biometric Identification System (ABIS) will have an impact on the turnaround time for issuing ID documents and passports, and will reduce the duplication of identities.

The Minister of Home Affairs, Malusi Gigaba, recently announced ABIS which is said to change the way in which South Africans are identified and will form the backbone of how the public and private sector will manage the au-

thentication of their clients.

ABIS will be the identification and security solution in support of national government's drive towards modernisation of all departments for service efficiency.

The system will offer a single



## ● Vervolg van bl 1

Hoewel Matlakane ná matriek keuring gekry het om in die regte te studeer by die Universiteit van Johannesburg, het sy besluit om 'n wegbreekjaar te neem. Sy het teruggegaan na Nel om meer hulp te vra met boerdery. Hy het voorgestel dat sy met 'n hoofman in die gebied praat oor die moontlikheid om vir haar grond te gee. Nadat die plaaslike hoofman haar vordering op Nel se plaas gesien het, het

hy vir haar 40 hektaar grond op die plaas Babirwa Ba Tau Ya Tswala gegee, vanwaar sy nou haar onderneming bedryf. Sy het vier jong mense aangestel om saam met haar te werk.

Matlakane se plaas voorsien groenrissies aan varsproduktemarkte in Bochum, Polokwane en Johannesburg. Haar onderneming het 'n omset van R50 000 per maand en sy mik nou na die internasionale mark.

Matlakane sê dat hoewel sy nog nie regeringshulp ontvang het nie, is sy positief oor haar

toekoms en dat haar uiteindelik doelwit is om arm mense

van haar gemeenskap op te hef deur vir hulle vaardighede en

werk te gee namate haar onderneming groei. [SAnews.gov.za](http://SAnews.gov.za)



**government communications**

Department: Government Communication and Information System  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: (+27) 12 473 0089

E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

**Head of Editorial and Production**  
Tasneem Carrim | [tasneem@gcis.gov.za](mailto:tasneem@gcis.gov.za)

**Editor-in-Chief**  
Des Latham | [des@gcis.gov.za](mailto:des@gcis.gov.za)

**Managing Editor**  
Ongezwa Mogotsi  
[ongezwa@gcis.gov.za](mailto:ongezwa@gcis.gov.za)

**News Editor**  
Noluthando Motswai

**Writers**  
Noluthando Motswai  
More Matshediso  
Jauhara Khan

**Senior Designer**  
Tendai Gonese

**Translators**  
Nomgcibelo Motha  
Boitumelo Phalatse  
Phakamani Dadlana

**Vuk'uzenzele**  
is published by Government Communications (GCIS)

All rights reserved. Reproduction of the newspaper in whole or in part without written permission is strictly prohibited.

Printed by:



Distributed by:



# Eko-krygers beskerm renosters

**UITGEBREIDE OPENBARE WERKEPROGRAM** vir die omgewing verseker werksverskaffing sowel as wildbewaring.



■ Omgewingsmonitors het 'n rol gespeel om wildstropery in natuurreservate regoor die land te verminder.

privaat wildreservate regoor Suid-Afrika na die omgewing om te sien.

Nyawo, wat deel is van die omgewingsmonitorprojek wat deur die UOWP bestuur word, glo dat dit belangrik is om gemeenskappe op te voed om vir die omgewing te sorg.

"Ons moet uitreik na gemeenskappe en hulle laat verstaan waarom dit belangrik is om die natuur te bewaar. Slegs dan sal die gemeenskap die rol van wildlewe verstaan," sê hy.

Die program, wat jong Suid-Afrikaners toerus met die nodige vaardighede om in natuurbewaring en biodiversiteit te werk, het verseker dat Nyawo vir sy gesin kan sorg.

"Danksy my werk, het my gesin se huis nou 'n stewige dak sonder lekplekke. Ek is baie bly dat ek hierdie geleentheid gekry het," sê hy.

Die Minister van Omgewingsake, Dr Edna Molewa, noem monitors 'eko-krygers' omdat hulle 'n kernbelangrike rol in die stryd teen omgewingsmisdaad soos renosterstropery speel.

"Ongeveer 1 659 omgewingsmonitors is verlede jaar by gevaar vir renosterstropery ontplooi om met omgewingsbeskerming te help. Hulle sal bemaagtig word om in hierdie gebiede renosterambassadeurs, te word," sê sy.

Nyawo was deel van die span wat 'n stroper in Umkhuse Wildreservaat vasgetrek het, wat daartoe gelei het dat hy skuldig bevind is aan 'n misdaad.

"Ek was trots op my pogings; ervaring was in hierdie geval die beste onderwyser aangesien dit daartoe gelei het dat die stroper gevang is," sê hy.

Die program het 'n deurslaggewende rol gespeel in die in-

hegtenisneming, ondersoek en vonnisoplegging van stropers. Dit het die stroping van wilde diere met 50% verminder en verseker dat diere wat in strikke gevang word met 76% afge- neem het. ■

## Het jy geweet?

Die Departement van Omgewingsake het R235 miljoen bestee om jongmense met omgewingsvaardighede toe te rus.

Kontak die Departement van Openbare werke by 012 406 1000 vir meer inligting oor hoe om aansoek te doen vir werk by die UOWP.

### Dale Hes

Omgewingsmonitor, Phakamani Nyawo (26), wat in Umkhuze

Wildreservaat in KwaZulu-Natal werk, is een van 1 659 monitors wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke) die taak opgelê is om in openbare en

# Aan die brand oor werkskepping

**MET DIE BRANDSEISOEN** op ons drumpel, het Vuk'uzenzele uitgevind dat daar 'n suksesvolle program is wat deur die regering befonds word en veldbrande voorkom en beheer.

### Adele Schormann

Working on Fire (WOF) bestuur 'n geïntegreerde brandbestuursprogram wat verseker dat talle jongmense van gemarginaliseerde gemeenskappe in diens geneem word.

Die program, wat deur die Departement van Omgewingsake befonds word, is deel van die Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP).

Die program gee hoop aan baie jongmense wat nie werk kan kry nie. Dit het merkwaardige sukses behaal in die voorkoming en beheer van veldbrande en sodoende die impak daarvan verminder.

Die program neem meer as 5 000 mense van gemarginaliseerde gemeenskappe in diens en lei hulle op in brandbewustheid, -opvoeding, -voorkoming en -onderdrukking, asook in ander vaardighede soos noodhulp, houtwerk, kookkuns, gesond-

heid, veiligheid en kommunikasie.

WOF se kommunikasiebeampte, Lebogang Maseko, verduidelik dat die program die jeug teiken en mense met gebreke aanstel om by sy provinsiale basisse te werk.

"Ons plaas groot klem op vaardighedsontwikkeling en om werk aan jongmense wat pas klaar is met hoërskool of pas by tersiêre instansies gegradueer het, te verskaf. Van die program se nuwe werkers, is 94% jongmense, 31% is vroulik en 3% het 'n gebrek," bevestig sy.

Lorraine Mokoena (31) van Mpumalanga is een van die werknemers wat by die program baat. Sy werk reeds die afgelope 11 jaar vir WOF.

Ná matriek het sy twee jaar lank gesukkel om werk te kry tot haar suster haar van die WOF-program vertel het.

"Die aansoekproses was moei-

lik. Fiksheid is die belangrikste kriterium vir die werk en nuwe werknemers word getoets. Wanneer jy die toets slaag moet jy ook 'n mediese ondersoek slaag en dan begin die brandbestrydingsopleiding," sê sy.

Mokoena het as junior brandbestryder begin en is nou die senior bemanningsleier, wat 'n span van 18 brandbestryders lei.

"Hierdie werk het my lewe verander. Ek is die enigste broodwinner vir my broers, susters en twee kinders. Ek kan nou my gesin voed en my kinders se skoolgeld bekostig," sê Mokoena.

Sy erken dat brandbestryding in die algemeen 'n manswêreld is, maar dat sy geleer het om as 'n vrou op hierdie gebied taai te wees.

Mokoena streef daarna om binne die volgende twee jaar 'n bestuurder van terreinwerkzaamhede te word. Dit sal beteken

dat sy vir alle WOF-spanne in Mpumalanga verantwoordelik sal wees.

Met die brandseisoen om die draai, gee Mokoena die volgende wenke om veldbrande te voorkom:

- Moenie vure in die opelug aansteek as jy dit nie kan beheer nie.
- Maak seker dat jy genoeg hulp en toerusting het om alle gebeurlikhede te kan hanteer.
- Moenie 'n vuur onbewaak laat nie.
- Hou die weer dop.
- Vure behoort nie in die opelug aangesteek te word op baie warm of winderige dae nie. ■



■ Lorraine Mokoena het baie by die WOF-program gebaat.

Skakel  
021 418 2569 of  
082 508 0990 of stuur 'n  
e-pos aan  
news@wofire.co.za vir meer  
inligting oor die WOF-  
program.